

3 Oktober

Romeine 8:18-30; (Teks: 8:18)

Dit gaan swaar, maar nie hopeloos nie

Ek kry swaar, maar ek is nooit sonder hoop nie. Die woorde van Paulus het betekenis vir elkeen wat net soos hy moet ly. En as ons aan ons eie lewe dink, dan besef ons dat elke mens een of ander tyd swaarkry. Dit is deel van ons menswees om siek te word of seer te kry. Party dalk meer as ander. En as ons swaarkry, voel ons sleg. Die swaarkry het baie vlakke: Dit kan siekte wees wat my laat sug, of pyn wat ek moet verduur, of ek het nie genoeg geld om kos te koop of om my skuld te betaal nie. Dit is swaar om te stry teen drange soos verslawing of verleiding. Maar ons is nooit sonder hoop nie! Die hoop op God bevat drie elemente: Verwagting in die toekoms, vertrouwe en geduld. Ons verwag om in die toekoms deel te hê aan 'n lewe by Jesus Christus waar ons nie meer sal swaarkry nie en daarom is dié hoop 'n toekomstige seën. Terselfdertyd bestaan die hoop in ons vertrouwe dat die Heilige Gees ons sal bystaan. Die hoop is nie 'n droom wat moet waar word nie, maar 'n daad van vertrouwe op God, weg van die wêreld af. Die hoop vereis van ons om geduldig op die Here se antwoord te wag. En wanneer ons antwoord kry, vra die hoop van ons die geloof dat God dit wat Hy gegee het in stand sal hou. Die hoop mag ons nie net vir onself hou nie, sodat ander mense ook die nuwe gesindheid kan sien en self begin hoop ... en nuwe moed vind tydens swaarkry.

Sing: Psalm 27:1

Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)